

Donderdag 5 Junie

Skrifgedeelte: Ester 2:1-11

Fokusgedeelte: Ester 2:9

Goedertierenheid van die HERE

Sonde het gemaak dat die volk deur 'n heiden regeer word. Hulle verdien nie sy liefde en aandag nie, maar wie van ons doen? Ons Hemelse Vader beskik dit wel so dat 'n jong meisie van sy verbondsvolk raakgesien word en aan die heidense koning se hof beland. Sy is een van baie meisies wat meeding om die volgende koningin te word in die plek van die afgesette Vasti.

Hegai, die hoofpaleisbeampte, hou van Ester en gee aan haar voorkeurbehandeling. Nou wonder 'n mens hoekom het Hegai dit gedoen? Die boek Ester bevat miskien nie die Naam van God nie, maar sy hand kan op elke bladsy gesien word. Die HERE is getrou in sy liefde. Hierdie volk het Hom meer as ooit nodig, al het hulle Hom verwerp. Hy sal hulle nie net los en sy rug op hulle draai nie. Die HERE verlaat nooit sy kinders nie, behalwe sy eie Seun aan die kruis, sodat Hy ons nooit in ewigheid hoef te verlaat nie.

Die HERE is hier besig om seker te maak dat Ester op 'n plek kan kom waar sy later vir Hom 'n bruikbare instrument kan wees. Ons kan hier sien dat Hy altyd sy woord hou. Ons getrouheid aan Hom is nie 'n voorwaarde vir sy trou aan ons nie. Hoe wonderlik! Hoe lofwaardig!

Die HERE kan daar werk waar mense nie eers kan sien nie – in die harte van mense. Hy werk in die hart van hierdie hooggeplaaste paleisbeampte. Vir Hegai het dit miskien gegaan oor Ester, maar vir die HERE het dit gegaan oor sy Naam, sy eer, sy belofte, sy volk.

Die meeste van die tyd kan ons ook nie die groter prentjie sien nie en ons weet nie hoe dinge sal uitdraai nie. Die alledaagse lewe kan vir baie mense uiters onseker wees, maar wanneer ons die HERE so ken, dan besef ons dat ons in Hom al die vastigheid in die wêreld het. Sy troue liefde teenoor ons sal nooit verander nie, want Hy kan nie anders wees nie. Hy is altyd getrou. Die Heilige Gees gebruik hierdie geskiedenis van Ester om 'n vertrouwe en 'n rustige sekerheid in ons te werk.

Sing: Psalm 100-1:1-4 (let veral op vs 4)

Ds. TJ (Tommie) van Vuuren (Heilbron)